



Junie 2019

# Stellenberger

## Eenvoud is die vreugde van die lewe

Deur: ds. René Potgieter



Eenvoud is die vreugde van die lewe – dis gee en neem net wat daar is . . . dis dankbaar eet van elke skewe snytjie brood . . . wat liefde is.

Op sy album Palet sing Jannie du Toit dié woorde van Koos du Plessis. Dit is eenvoudige woorde met 'n eenvoudige melodie, maar die boodskap is kragtig. In die gedig plaas Koos du Plessis juis die fokus op die diepere betekenis rakende die eenvoudige dinge in die lewe.

Die meesleurende krag van die verbruikerskultuur waarin ons almal leef, is só sterk dat 'n mens dikwels nie meer besef tot watter mate dit ons lewens beïnvloed nie. Hieroor skryf Willem Nicol soos volg: "Ons algemene lewenshouding is in só 'n mate deur die verbruikersmentaliteit gekontamineer dat ons genesing en bevryding uit die diepste kragte van ons Christelike spiritualiteit nodig het."

Die vraag ontstaan of ons nie so vasgevang is ons denke, besittings, oorvol programme en sosiale media nie, dat ons ons vermoë om die eenvoud van die lewe raak te sien, verloor het nie? Die wêreld se

standaarde wat aan ons gestel word, is so hoog en die strewe daarna veroorsaak dat ons dikwels nie eers meer die lewe geniet nie. Ons lewens word so vol en deurmekaar soos 'n klomp Krabbel-letters.

Met bogenoemde in gedagte wil ons ons tydens dié Pinkster oopstel vir die werk van die Heilige Gees sodat ons skoon, los en nuut gemaak kan word. Ons wil bid dat die Heilige Gees deur die Woord en ons saamwees, die klomp deurmekaar letters in ons lewens so sal orden dat ons weer die ware sin en betekenis van die lewe kan ervaar.

Ons wil ligter deur die lewe reis en weer met nuwe oë na onself, God se skepping en ons naaste kyk. Ons lees in Matteus 6:25-26 die volgende: Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

# Oggendpinkster



**Om dit vir lidmate makliker te maak om deel te wees van die gemeente se Pinksterviering, bied ons ook 'n byeenkoms in die oggend aan sodat jy dit kan bywoon indien jy 'n aandbyeenkoms misgeloop het.**

Die tema by die oggendbyeenkomste is: Die gees van gebed.

Wat die Christelike geloof van álle ander gelowe onderskei, is die sekerheid dat ons 'n God aanbid wat vrywillig – bloot op grond van sy ongelooflike liefde vir ons, wat ons op geen manier verdien of kán verdien nie – sy Seun gestuur het om die straf vir óns skuld op Hom te neem. Daar is met ander woorde niks wat ons kan doen dat God ons méér sal liefhê nie en daar is ook niks wat ons kan doen dat God ons mínder lief sal hê nie.

God het selfs nog verder gegaan deur sy Heilige Gees op die kerk uit te stort, sodat God nóóit ver van ons is nie, maar dat Hy op die intieme wyse by ons betrokke is en wil wees. Hy smag daarna om in 'n liefdesverhouding met ons te leef, nie as 'n verhewe God voor wie ons moet kruip nie, maar as 'n

Vader wat net die beste vir sy kinders wil hê (Matteus 7:11).

Ons weet dat geen verhouding kan oorleef sonder goeie kommunikasie nie. In ons verhouding met God is gebed seker die belangrikste manier waarop ons van ons kant af met God kommunikeer. Die tyd en energie wat Jesus aan gebed bestee het is vir ons 'n aanduiding van hoe belangrik gebed is en as dit vir Jesus so belangrik was, kan dit tog sekerlik nie vir óns minder belangrik wees nie. Gebed is egter nie sonder uitdagings en probleme nie. Daar is soms by mense soveel worsteling met gebed, dat hulle dit as sinloos afskryf en doodgewoon ophou bid.

In dié Pinksterreeks gaan ons saam soek na 'n beter begrip van gebed en watter rol die Heilige Gees speel om te voorkom dat hierdie lewensaar verstopt raak.

Mag dit wat jy dié Pinkster beleef, vir jou baie nader aan die Here bring en ons nader aan mekaar, sodat ons saam tot eer van die Here ware lig vir die wêreld sal wees.

Eredienste sal ook op [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za) beskikbaar wees.

## Oggendpinkster 3 tot 7 Junie om 10:00

Maandag 3 Junie	God soek blyplek.
Dinsdag 4 Junie	God soek vriendskap.
Woensdag 5 Junie	God is afwesig.
Donderdag 6 Junie	God is nié afwesig nie.
Vrydag 7 Junie	God se Gees en ons.

Prediker:  
Mike van Deventer

# Kollekte tydens Pinkster

Alle Pinksterkollekte sal ten bate van die getuienisbediening se projekte aangewend word.

Die aksies en projekte waarvoor die insameling bestem is, is: die uitreikbediening wat uitreike na verskeie gemeenskappe tydens die vakansie behels, asook verskillende standhoudende projekte in van die dorpe waarheen ons gereeld uitreik. Die projekte sluit onder meer 'n bakkerijprojek in Vosburg, 'n groentetuinprojek in Mavusa, asook die gemeente se kosprojekte plaaslik en aan droogtegeteisterde gebiede, in.



# Philipp Dietmann beroep as tentmaker

**Tydens 'n kerkraadsvergadering van 26 Maart 2019 is die voorneme deur die kerkraad uitgespreek om proponent Philipp Dietmann as tentmakerpredikant na Stellenberg-gemeente te beroep.**

Die diensverhouding-bediening het opdrag ontvang om die nodige voorbereiding te doen om die beroeping volgens kerkordelike riglyne in gereedheid te bring. Dit het onder meer die nagaan van sy proponentstatus, goedkeuring deur die meerdere kerklike liggaam (die Ring van Durbanville) asook 'n onderhoud met Philipp rakende sy toewyding en roeping as predikant, behels.

Philipp is reeds 'n aantal jare by die gemeente betrokke, aanvanklik as proponent (en prediker) by Kruisgenerasie (dit was 'n bediening aan jong werkendes), later as prediker by die aanddiens en die afgelope twee jaar is hy verantwoordelik vir die meditatiewe diens. Philipp het ook in dié tyd sporadies op die kerkraad gedien en hy dien ook tans in die kerkraad as voorsitter van die eredienskommissie. Philipp werk voltyds by 'n gevestigde finansiële instelling. Die tentmakerpos sal dus geen addisionele koste vir die gemeente inhou nie.

'n Voorstel dien by die kerkraadsvergadering van 29 Mei dat hy as tentmakerleraar beroep word. Indien u meer vrae oor die agtergrond en motivering van die kerkraadsbesluit hieroor het, kontak gerus een van die predikante, of vir Dirk Brand, leierouderling.



# Gesamentelike Pinksterfeesdiens

Sondag 9 Junie word 'n gesamentlike erediens om 09:00 in die kerk as Pinksterfees aangebied. Die afsluiting van die Pinksterreeks word gevier. Neem asb. kennis dat daar op 9 Junie geen gesins- en meditatiewe dienste sal wees nie. Almal sluit by die erediens om 09:00 in die kerk aan.

Tema: Die vryheid van eenvoud (2 Petrus 1:3-15)

# Kinder- en Kleuterpinkster



Kinder- en Kleuterpinkster word elke aand vanaf 19:00 gelyklopend aangebied, met Kinderpinkster vir laerskoolleerders in die grootsaal en Kleuterpinkster in die kleinsaal.

Tema: Dit is 'n fees om deel van God se familie te wees. Die tema word by beide groepe behandel, net die metode van aanbieding word volgens die ouderdomsgroepe se behoeftes aangepas.

Bring gerus die jongspan. Kinder- en Kleuterpinkster is altyd 'n prettige manier om hulle te leer hoe hulle in God se koninkryk inpas.

## Pinksterdienste 2 tot 6 Junie om 19:00

Datum	Tema	Skrifgedeelte
Prediker: ds. René Potgieter		
Sondag 2 Junie 19:00	Die spiritualiteit van eenvoud.	Lukas 12:22-34
Maandag 3 Junie 19:00	Die eenvoud van Jesus en sy boodskap.	Filippense 2:1-11
Dinsdag 4 Junie 19:00	Die eenvoud van genoeg.	Lukas 12:13-21
Woensdag 5 Junie 19:00	Eenvoud ter wille van die aarde.	Psalm 24
Donderdag 6 Junie 19:00	Eenvoud van stlíte.	Psalm 23